

BRIEFWISSELINGDIE AFRIKAANSE
PSALMBERYMING

VAN ds. J. V. Coetzee, Potchefstroom, het ons onderstaande brief ontvang:

In u uitgawe van 27 Januarie verskyn daar 'n bespreking van die boekie van dr. G. Dekker: *Die Afrikaanse Psalmberyming*. Dr. P. J. Nienaber sê in hierdie bespreking, pp. 61 en 63:

„Nou het dit my opgeval dat é. Totius én prof. Dekker sê dat Psalm 119 die laaste psalm is wat bewerk is, terwyl ds. J. V. Coetzee beweer: „Die laaste van die 150 psalms wat Totius uit die pen gekom het, was psalm 11, wat hy in Oktober 1935 voltooi het.’ Ds. Coetzee tas hier klaarblyklik mis.”

Veroorloof my om die toedrag van sake op hierdie punt net effentjies te verduidelik. Dan sal dit wel duidelik wees dat ek nie hierin „misgetas” het nie.

Psalm 11 is al jare gelede deur Totius bewerk in kort, vierregelige strofes. 'n Tyd later is deur wyle dr. J. J. Kühn van die Ned. Herv. Kerk van Germiston 'n aantal psalmberymings — ongeveer 30 — by die Kommissie van Reviseurs ingehandig. By die revisie het die Reviseurs die voorkeur gegee aan die beryming van Psalm 11 deur ds. Kühn, hoewel hulle nie daarmee in alle opsigte tevrede was nie. Die Reviseurs het ds. Kühn toe gevra om sy beryming te verbeter en besluit om, indien dit tot hulle tevredeheid verbeter word, dit vir opname in die psalmboek goed te keur. Toe die Reviseurs later weer vergader het, het die verbeterde bewerking van ds. Kühn nog nie tevredeheid gegee nie, waarop toe besluit is om Totius te versoek om Psalm 11 opnuut te bewerk. Hierdie versoek is gedoen op die laaste vergadering van die Reviseurs, toe al die psalms, 119 ingeslote, reeds klaar gerevideer en goedgekeur was vir die psalmboek, behalwe Psalm 11. En aangesien dit nie

moontlik was om weer 'n vergadering te hou net oor die beryming van Psalm 11 alleen nie, is toe besluit om, indien Totius 'n nuwe bewerking van Psalm 11 lewer, hierdie nuwe bewerking langs die verbeterde beryming van ds. Kühn bogenoem, aan die Reviseurs voor te lê by wyse van korrespondensie vir finale beslissing. Dit het gebeur. Ek het van Totius 'n nuwe bewerking van Psalm 11 ontvang (dié wat vandag in die psalmboek staan) en dit saam met die verbeterde bewerking van ds. Kühn by die Reviseurs rondgestuur. Die uitslag was dat die Reviseurs aan die nuwe bewerking van Totius die voorkeur gegee het. Toe dit gebeur het, was Psalm 119 al klaar berym en ook deur die Reviseurs gepasseer.

Dat Psalm 119 die laaste was wat deur die digter „bewerk” is, is in soverre reg as wat ek hier kan meedeel dat by die lesing van die drukproewe van die psalmboek die digter en ek self hierdie psalm weer baie noukeurig geles het aan die hand van die leespsalm om te kontroleer of die berymde psalm 'n goeie vertolking en weergawe is van die sin van die leespsalm aangesien Psalm 119 juis so 'n moeilike stuk is om in digmaat te vertolk. By hierdie laaste lesing het die digter weer heelwat veranderings in sy werk aangebring — wat toe alreeds deur die Reviseurs goedgekeur was — om die moontlikheid van misverstand hier of daar te voorkom.